Pesbeheer vandag – voorsorg bo gifstowwe

Leiers van die pesbeheerbedryf het tydens die Suid-Afrikaanse Pesbeheerorganisasie (SAPCA) se jaarlikse PestBiz-konvensie, wat vanjaar op 13 en 14 Augustus in die Kaap plaasgevind het, 'n oorsig oor die pad vorentoe gegee. Die boodskap was duidelik: Almal wat internasionaal handel dryf beweeg weg van 'n era van chemiese oplossings na voorkomende maatreëls om die gebruik van gifstowwe te beperk.

"Groen" is die nuwe modewoord wat al hoe meer gebruik word en die pesbeheerbedryf verander hul praktyke om by hierdie nuwe tendens aan te pas," se Rob Fryatt van Xenex Vennote (Edms) Bpk in die Verenigde Koninkryk. Dit beteken nie die algehele uitskakeling van gifstowwe nie, maar eerder 'n meer geïntegreerde benadering wat voorkomende maatreëls met minimale gebruik van gifstowwe kombineer.

In die Verenigde Koninkryk is "groen" nie net 'n konsep nie, maar eerder die fokus van die Europese gemeenskap. "Ons werk met 40% minder gifstowwe as in 2003."

Ongelukkig bestaan die opvatting dat 'n pesbeheerbeampte nie gesien mag word omdat dit die beeld van die kliënt nadelig beïnvloed. Hierdie opvatting moet wêreldwyd en in Suid-Afrika verander word sodat beamptes as verantwoordelike gesondheids- en veiligheidsmaatreëls beskou kan word.

"Dit is die rol van die bedryf om die verbruiker, openbare beamptes en beleidsmakers bewus te maak van professionele pesbeheerbeamptes. Meer klem moet op opleiding en pesvoorkoming geplaas word as oplossings, hierdie is een van ons hooffokuspunte," sê Pamela Mudley, bemarkingsbestuurder van Rentokil.

In SA word die departement van Landbou en die Suid-Afrikaanse Pesbeheerorganisasie genoop om in nouer verbinding met mekaar saam te werk. Dr Boitshoko Ntshabele van die departement van Landbou het in sy voorlegging tydens die PestBiz-konvensie genoem dat die regering die hulp van kenners benodig om nasionale rampe op 'n pro-aktiewe wyse te hanteer.

Die kwessie van ongeregistreerde pesbeheer is 'n groeiende bron van kommer in SA, veral onder plaasboere en die landbousektor as 'n geheel. Dr Gerhard Verdoorn van Die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Veeartseny- en Gewasassosiasies (AVCASA) het opgemerk dat die grootste behoefte om ontslae te raak van peste teen die laagste moontlike kostes sonder die nodige inagneming van die nadelige uitwerking op omgewing, veiligheid en gesondheid, onder boere voorkom. Dit skep 'n geleentheid vir ongeregistreerde pesbeheerbeamptes en die gebruik van ongeregistreerde produkte.

"Ek het al baie valse waarborge en wanpraktyke teëgekom wat deur verbruikers aanvaar word weens hul onkunde of 'n tekort aan opvoeding. Onetiese pesbeheer is 'n werklike kwessie in Suid-Afrika," sê Verdoorn.

Verder noem hy dat die bedryf en die regering kennis moet neem van die behoefte aan organisasies soos SAPCA en dat pesbeheerbeamptes lede van so 'n organisasie moet wees wat self-administrasie en selfregulering in die pesbeheerbedryf kan toepas.

Deur die loop van die afgelope dekade het die behoefte aan inligting drasties toegeneem. Klimaatsverandering dra ook by tot die waargenome probleem van peste in SA, asook die res van die wêreld. Verdoorn sê dat slegs 'n geregistreerde pesbeheerbeampte ware peste kan identifiseer. Die uitdaging vir Suid-Afrika is opvoeding. "Mense besef nie dat enigeiets potensieel skadelik vir hul lewens kan wees nie – met verwysing na gifstowwe. Daar moet meer klem geplaas word op die persoon wat die gifstowwe administreer en die wyse waarop dit aangewend word, siende dat dit dikwels nie die gifstowwe is wat die skade aanbring nie, maar eerder die wanpraktyke wat daarmee gepaardgaan," sê Verdoorn.